# Liturgiese Riglyne

**<u>S O N D A G O G G E N D 09:00</u>**

## Bid vir God se bewaring in die Woordverspreiding

**<u>Skriflesing</u>:**
2 Tes 3:1-5

**<u>Teksvers</u>:**
2 Tes 3:1

**<u>Sing</u>:**
Lied 202:1-3
Lied 190:1-3
Ps 99-1:1,2,4
Sb 2-2:1
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Daar is orde in die lewe. Hierdie orde moet die Woordverspreiding ondersteun en ten grondslag wees. Die Bybel moet gebruik word om die evangelie te versprei, daarom moet ons op God alleen vertrou want Hy is getrou. Hy alleen sal sy kinders bewaar en versterk om evangelisasiewerk te doen.

- Paulus vra voorbidding.
- Paulus vra voorbidding vir evangelisasie.
- Paulus vra voorbidding vir bewaring.

**<u>S O N D A G A A N D 18:00</u>**

## O, wortel van die kwaad!

**<u>Skriflesing</u>:**
Genesis 37
Matteus 26:1-5
Heb 12:14,15

**<u>Teksvers</u>:**
Genesis 37:18-20
**HK** Sondag 40

**<u>Sing</u>:**
Ps 122:1,2
Ps 50:2,9,10,11
Ps 99:1,3,5
Ps 97:6,7
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Dit sou u nogal goed doen om weer 'n slag *die hele geskiedenis* van Jakob en sy vrouens en kinders te lees – Gen 28-37. In hierdie *tien hoofstukke* gaan dit in wese oor hoe God ten spyte van sonde sy heilige wil uitvoer en dat die bose (mens of duiwel) nie sy raadsplan kan verydel nie.

Die fokus by vanaand se prediking is egter die moord- en haat-gedagtes van die broers van Josef. In die verklaring van die *sesde gebod* (Son 40) gaan dit natuurlik om meer as net die daad van moord. Hier is moord sonder dat iemand doodgaan!

Hoeveel keer pleeg ons moord sonder dat iemand letterlik sterf?




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 47 Nr 37 23 Okt 2022**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE


## God is Liefde

**"*God is liefde!*"** lees ons in 1 Joh 4:8,16. Liefde is nie 'n eienskap van God nie, maar dit is Wie God is. Hy is totaal en al liefde. God se wese is liefde. God se liefde is egter volmaak want God is volmaak. Alles wat God doen doen Hy uit 'n hart van liefde.

**Soms het ons vrae** omdat alles op aarde nie so goed en glad en mooi verloop as wat ons graag wil hê nie. Dan word daar maklik gevra: "Is *dit hoe 'n God van liefde slegte dinge toelaat*?" Ons vra dit omdat ons nie God se liefde verstaan nie. Ons erken egter nie maklik dat ons nie volmaak is nie, dat ons die oorsaak is van die gemors op aarde nie. Dit is ons wat dikwels liefdeloos handel teenoor jou medemens, ja selfs teenoor jou man of vrou of kinders of familie. Steeds wil ons egter die slegte dinge voor God se deur lê asof God die bewerker is van die slegte. Tog is God se liefde in Jesus Christus alles omvattend.

**Ons lees in Ef 3:17-19** dat ons liefde moet verstaan soos dit in Jesus Christus se liefde geopenbaar is. Jesus Christus het in volle gehoorsaamheid aan Sy Vader vir ons aan die kruis gesterf. Hy het ten volle betaal vir al ons oortredinge vir al ons sondes. Daarom kan ons net verstaan wat liefde werklik is as ons die versoeningswerk aan die kruis verstaan.

**Nooit het God alles net goedgekeur wat die mens doen nie.** Hy het ook die volk Israel gestraf vir hulle oortredinge. Hy het Homself geweldig vertoorn oor Israel se sondes en daarom is hulle in ballingskap weggevoer. God se liefde is egter so groot dat Hy barmhartigheid en genade in Christus aan ons betoon het. Hy het die Heilige Gees gestuur om ons te lei. Hy het die Woord gegee sodat ons daardeur God en sy wil kan leer ken.

***<u>Ef 3:19</u>*** *"Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God."*

Ds. Gerrit

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

*Vrug van die Gees!*

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 22, Ps 107:1 Volgende week: Les 23, Ps 107:1

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Bybelverspreiding

**Volgende week:** Barmhartigheid — By die deure: EVK-projekte

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417



## Lekker koekies en beskuit vir die vakansie!

Die Diakonie is betrokke by verskeie kinderhuise in ons omgewing. As deel van ons bediening, wil ons graag in Desember die kinderhuise bystaan om skoolskoene en skryfbehoeftes aan te koop. Hiervoor samel ons fondse in deur koekies en beskuit te koop aan te bied.

Die koekies en beskuit kan bestel word by diaken **Willem Visser (082 452 6377)**. Betaling kan gemaak word aan die Diakonie met die verwysingsnommer wat aan u gegee sal word met u bestelling. Dit kan Sondag, **6 November** na die oggend-erediens by die olyfboom afgehaal word.

| Produk | Prys |
|---|---|
| **Beskuit** | |
| Anys 500g | R50 |
| Karringmelk 500g | R50 |
| Gesondheid 500g | R50 |
| Lae G.I 500g | R60 |
| **Koekies** | |
| Chock chip 310g | R35 |
| Klapper 310g | R35 |
| Gemmer 310g | R35 |
| Suurlemoen 310g | R35 |
| Gemengde 310g | R35 |
| Gemengde 1.4kg | R140 |

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



| | |
|---|---|
| **23 Okt** | |
| Hester vd Merwe | Blok B |
| Wilmarie Rheeders | Blok B |
| Simone du Plessis | Blok C |
| **30 Okt** | |
| Elana Brits | Blok B |
| Cecilia Wolmarans | Blok B |
| Ina Nel | Blok C |

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## SENIORFUNKSIE: TOEKA SE DAE




**Jy word hartlik uitgenooi na 'n reis deur TOEKA SE DAE saam met die ALBERTONSE MANNEKOOR**

**Saterdag 5 November 2022**
**om halfdrie by GK Centurion**
**RSVP asb voor 2 November by:**
**076 591 7453**

***Bring enigiets uit jou Toeka-herinneringe saam om oor te gesels!***

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

**Het jou naaldwerkmasjien 'n diens nodig?** Ons diens en herstel alle naaldwerkmasjiene. Kontak Dalena 072 974 2728.

Ek spesialiseer in die **registrasie van huisoordragte.** Onthou dit is u, die Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag van diens wil wees. Pieter Wolmarans 083 949 88 99. PF Wolmarans Prokureurs.

**Mobiele Haarkapper**. Is dit moeilik om by 'n Haarsalon uit te kom? Ek kom na jou toe: was, sny, kleur— Centurion-omgewing. Lindie de Beer 076 241 2967.

**Student** soek kamer om te huur naby Highveld. Inalda Boersema: 072 342 5994.

## Eljada Huis

**Volledige behoeftelys:** Is op die kennisgewingbord geplaas

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421

## Geestelike Opbou

Die EVK nooi u hartlik uit na die geestelike opbou na afloop van die aanddiens op Sondagaand, 23 Oktober. **Geopende Deure** gaan praat oor evangelisasie wêreldwyd, vervolging en spesifiek ook fokus op die uitdagings in Afrika.

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 18:00

- - - - - -

## Ouventus (25 plussers)

Woensdagaande 19:00



**GTA – Tieners en Gesinne**

Boskopdam – Seilnaweek

**8-11 Desember 2022**

Kontak di Maarten/Gerrit indien jy wil saamgaan

Die Gereformeerde Kerk Centurion nooi u hartlik uit na ons

## Psalmfees

kom sing saam

psalms, skrifberymings, liedere

## Sondag 23 Okt 21

## 15:00 - 17:00

Basdenlaan 226, Centurion, DV

ook aanlyn beskikbaar op gkcenturion.co.za

## TEMA: SOLA GRATIA



# *Verjaarsdae*

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 23 Okt | Annelette | Gentle | B01 | 27824646893 |
| | Sarel | Pretorius | B12 | 27842065083 |
| | Paul | Steyn | A05 | 27828827976 |
| | Anton | vd Bijl | C04 | 27832916855 |
| | Johan | van Dyk | A14 | 27825769294 |
| | Nicholas | Wilson | E01 | 27849010109 |
| 24 Okt | Renette | Harmse | B01 | 27824621839 |
| | Frikkie | van Biljon | A16 | 27729954488 |
| 25 Okt | Tessa | Buys | B09 | 27836622924 |
| | Franciska | Buys | B11 | 27826667779 |
| | Alta | Jv Rensburg | B09 | 27825776201 |
| | Heleen | Jv Vuuren | B09 | 27837119263 |
| | Karin | Myburgh | A04 | 27824524952 |
| | Johan | vd Meer | B14 | 27737346018 |
| | Maarten | v Helden | A05 | 27721431855 |
| 27 Okt | Yolanda | vd Bijl | A17 | 27787151863 |
| | David | Loock | B13 | 27713303684 |
| 28 Okt | Hannes | Pieters | C07 | 27828289701 |
| | Tinus | Potgieter | B19 | 27829022841 |
| | Alec | Schiff | C05 | 27832562168 |
| | Cathy | Smit | C15 | 27833763912 |
| | Johan | vd Walt | C12 | 27825775993 |
| 29 Okt | Gerrie | Kruger | B17 | 27825768837 |
| | Ria | Stoker | B07 | 27720410840 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 23 Okt | Gerick | Maritz | A08 | 27833483056 |
| 25 Okt | Cara | Brits | B15 | 27827821416 |
| 26 Okt | Adriaan | Jacobs | C14 | 27823258834 |
| | Chanel | v Niekerk | A09 | 27814546588 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

- Jac Botha sterk aan na 'n prosedure (C8—082 814 2230***).***
- Izak Heath het 'n draai in die hospitaal gemaak (A6—082 407 3315***).***

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Geluk*



Hanco en Franciska met die geboorte van Nic Buys

**Waarom ons nie Halloween vier nie. Gaan kyk asb hierdie video**

https://vimeo.com/297101764



## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

**Dr Victor Pillay**

(dosent by Mukhanyo en prediker in Laudium) lei vanoggend die erediens by Alethea.

Almal is welkom om die erediens by te woon.